PROSEDURES OM MEER SEKURITEIT BY DIE KIND TE VESTIG

'n Kind wat moeilike gedrag toon, ervaar 'n emosionele krisis. Red die kind deur sekuriteit deeglik te hervestig.

Die beginsel is dat die kind meer en meer betrokke raak by die ouers se leefwêreld.

Sekuriteit kom van aanvaarding deur die ouers en gehoorsaamheid deur die kind. Dwing gehoorsaamheid af deur prosedure nege te volg.

1. Prosedure een: Maaltye.

- Voorbereiding van die maaltyd. Die kind moet betrek word by die voorbereiding van die maaltyd want dit skep 'n samesyn met die ouer wat die maaltyd voorberei.
    - meng bestanddele, gaan haal benodigdhede, roer iets, was die groente, skil iets met groenteskiller.
- Die ander ouer berei die tafel voor vir ete saam met die kind.
    - (Beplan wie sit waar, hoeveel eetgerei is nodig, waar kom die mes/vurk/lepel, hoekom verskil eetgerei, waarvan is die tafel gemaak ensovoorts).
- Almal eet saam aan tafel. Bid of gebruik 'n vorm van aanvang wat die gesin verkies.

2. Prosedure twee: Gesprekvoering om die tafel.

Voorsien 45 minute vir aandete. Alle telefone moet afgeskakel wees, TV en rekenaars verbode.

- Kinders word genooi om een vir een te vertel van hulle dag se ervarings. Vra vrae waarop 'n kind nie bloot ja of nee kan antwoord nie.
- Nou is die tyd wat die gesinsnorme en waardes ingebring word en kinders leer hoe probleme opgelos word binne die konteks van die gesin se opvoeding.
- Na ete word 'n storieboek voorgelees (Lang storie).
- Lees elke aand 'n stuk en laat bespreking en vrae toe (Behou die gesels-atmosfeer).
- Hierdie is nie die slaaptyd storie nie.

3. Prosedure drie: Opruim.

- Die gesin pak saam die skottelgoed weg vir was in die masjien of beurtelings deur ouers.
- (groot borde saam, oorskietkos word hanteer, eetgerei saam).
- Die tafel kan nou ook gedek word vir more se ontbyt.
- Ouer nie hierby betrokke nie, pak die skooltoebroodjies/happiehouer.
- Maak seker alles is in die sak, lees boodskapboekie indien nodig.

4. Prosedure vier: Aand badtyd.

- Ouers is beurtelings betrokke. Organiseer uittrek, klere in die was gooi, bed regkry.
- Help in die badkamer. Help kind was sodat lyflike kontak moontlik is.
- Anatomie en higiëne kan bespreek word.
- Saam opruim van badkamer.

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP

5. Prosedure vyf: Slaaptyd.

'n Kind van 3 tot 6 jaar benodig tussen 10 en 13 uur ononderbroke slaap per nag.

- Help pajamas aantrek. Onthou om gesprekvoering vol te hou.
- Kry bed/(dens) gereed vir kind /(ers).
- Laaste besoek aan toilet.
- Die ander ouer gaan slaaptyd storie lees/vertel.
- Sit saam met die kind in sy/haar bed. Indien meer as een kind, gaan sit in die dubbelbed.
- Kry kind/(ers) gemaklik in bed/(dens). Nagsoentjies/drukkies.
- Bly so lank moontlik in die kinderkamer. Streel kind se kop as hy/sy moeilik aan die slaap raak.

6. Prosedure ses: Opstaan en ontbyt.

- Maak die kinders rustig wakker. Laat hulle voel die dag is welkom.
- Plaas die kinders se klere in volgorde uit op die opgemaakte bed.
- Sien toe dat wasroetine uitgevoer word.
- Maak tyd om ontbyt rustig saam te eet. Ouer wat moet vertrek groet deur aanraking.
- Maak seker alles wat moet saam is in die kar.
- Neem kinders self na die klas toe. Sien toe dat sak gebêre word.
- Maak tyd om intiem afskeid te neem. Herinner aan weer kom haal.

7. Prosedure sewe: Afhaal van kind.

- Buig/hurk en maak oogkontak.
- Omhels die kind en kommunikeer 'n welkom aan hom/haar.
- Kry sak en vra uit oor klasbedrywighede. Maak seker alle besittings is ingepak.
- Vermy alle vorms van negatiewe optrede/kommunikasie bv. “Kyk hoe vuil is jy!” “Waar is die sleutels wat jy vanoggend gehad het!” Wag vir 'n geleentheid tuis.

8. Prosedure agt: Naweke.

- Bly sover moontlik tuis. U en die kinders het spanning opgebou deur die week.
- Kry kind(ers) betrokke by huiswerkies. Was die kar/spuit die tuin nat/verplant plante/help hondemis optel/bad die hond/pak die boekrak reg/pak die speelgoedkas reg/maak vuil skoene skoon/help blare hark/pak die garage reg/help om meubels te verskuif/installeer 'n nuwe voëlbad. Hou die kommunikasie deurgaans aan die gang.
- Eet saam en as dit voor die TV gedoen word (by uitsondering) doen dit saam.
- **NB.** Tuis saam met die ouers het baie meer waarde vir die kinders as om vermaak te word elders. Vermaak kan gekoop word – nie ouerbetrokkenheid nie.

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP

9. Prosedure nege: Stappe vir konfliksituasies.

- Plaas die kind op ’n tafel sodat jy hom/haar in die oë kan kyk (Of afbuk/kniel).
- Vat die kind aan die skouers met ’n greep wat ’n boodskap stuur van “Gee aandag!”
- Sê duidelik waaroor jy ontevrede is. (Kalm en beheerste stem)
- Stap hand-aan-hand en gaan help die kind regmaak wat verkeerd geloop het.
- Bevestig dat jy nou tevrede is terwyl jy weer in sy/haar oë kyk en jou hande ’n ander boodskap van aanvaarding/aanmoediging stuur.

Eiendom van MCPP/MLPP/MRPP & Property of MCPP/MLPP/MRPP